



HERFS

Wanneer die blare van die bome so mooi verkleur en die weer so heerlijk soel en aangenaam word, dan herken ons die hand van God in die skepping. God het egter ook in Christus 'n herskepping bewerk: ons verlossing en opstanding in 'n nuwe lewe. Pinkster (wanneer ons die uitstorting van die Heilige Gees herdenk) is 'n punt op God se agenda vir die herskepping. Alereers beteken dit ons eie herskepping en vernuwing deur ons geloof in Christus, maar dit beteken ook dat ons verhouding met ander mense en die ganse skepping hernu moet word. Die beginsels oor hierdie laasgenoemde aspek wat uit die Bybel afgelei word, staan bekend as Ekoteologie: hoe ons in ons verhouding met God se skepping moet leef.

Hierdie maand is daar ruimte gemaak om artikels te plaas oor wat in die breër kerklike samelewing in ons land plaasvind en ook oor die Ekoënologie. Geniet die lees.

Ons vier op 15 Mei Pinksterfees en gedurende die voorafgaande week (9-12 Mei) word die Pinksterbidure gehou. Op 15 Mei word Nagmaal ook bedien en hou ons weer 'n gemeente-ete. Dit is dan ook die 55ste verjaardag van die gemeente. Kom vier saam aan 'n besondere feesdag. Luister mooi na die afkondigings hieroor.

Daan en Jansie

ONS IS 'N TAFELGEMEENSKAP

(LUKAS 24:13-35)

Marthinus Versfeldt het in sy boek "Food for thought: A philosopher's cookbook" geskryf: "Nothing is more indicative of what you are than your food and table customs". In een van die gemeentes het daar 'n tradisie bestaan om na die erediens tee te drink met beskuit en koekies. Die gemeente het uit helfte Afrikaanssprekendes en helfte Engelssprekendes bestaan. Die predikant het gesê dit was altyd by die tee duidelik wie is wie. Die Afrikaanssprekende mense het hulle beskuit in die tee gedoop, terwyl dit by die Engelse 'n verbode gebruik is.

Lukas en Handeling plaas Jesus in vertelling baie keer aan tafel en wil daarmee 'n boodskap oordra. Hy dek sy tafel simbolies met "hessian" om te sê dat die Here Jesus altyd plek gehad het vir die armes en verstoteling. Die verhaal van die Emmaüsgangers help ons om vir God te kan sien en vertel van ontnugterdes wat uiteindelik met nuwe moed gevul word deur Jesus. Jerusalem is eintlik die plek waar 'n mens vir God behoort te sien; alles begin en alles eindig in Jerusalem. Tog kan die twee mense ná die Pasga met teleurstelling nie anders as om van Jerusalem weg te stap nie. Dit was n slegte begin en slegte einde, die man op wie hulle hulle hoop geplaas het, het in plaas van op 'n wit perd die stad in te ry, ingery gekom op 'n donkie.

In plaas van die Romeinse juk af

te gooi is hy deur hulle gekruisig.

Emmaus is weer 'n onbenullige plek wat ons eintlik nie mooi weet waar dit is nie. Tog, op daardie stofpad begin Jesus om deur 'n proses Homself kenbaar te maak. Hier volg nou 5 stappe vir die proses wat die Emmaüsgangers se oë laat oopgaan:

- 1 Gemeenskaplikheid of saamwees.
Deur toe te laat dat 'n onbekende man met hulle mag saamloop, ontdek die twee dat dit eintlik God was wat in hulle midde is. Wanneer 'n mens dit weet en glo is jy reeds 'n hele stuk nader daaraan om bewus te wees van Sy teenwoordigheid. Dat Hy nie ver weg is nie maar hier en nou by jou teenwoordig is.
- 2 Op pad open Jesus vir hulle die skrifte. Hy open vir hulle die perspektief dat die Messias van die Ou Testament slegs deur lyding die Messias kan wees. Hulle ontnugtering was dus misplaas. Sy heerlijkheid het juis deur die kruis en opstanding geblyk. Prediking is om vir Jesus as God te kan sien juis waar Hy aan n kruis hang.
- 3 Die Emmaüsgangers antwoord teen skemer met 'n gebed. In die vroeë kerke is die lied: "Bly by my Heer ..." gesing as 'n liriek wat ontstaan het toe die twee nie vir Jesus wou laat gaan nie, maar Hom ingenooi het om te bly. In gasvryheid

REDAKTEURS: Daan en Jansie Kilian

E-pos: daankilian@gmail.com/jansie@cpro.co.za

Telefoon: (012) 667-6929

sel: Daan 083-442-1250/Jansie 073-179-3295

Taalversorging: Chris Calitz

Medewerker: Jaco Kriek

teenoor 'n vreemdeling word God baie keer sigbaar.

4 Die brood word gebreek.

Deur die neem van die brood, 'n seënbede en die breking daarvan het hulle oë oopgegaan. Dit is deur die Nagmaal, maar ook ons breek van die brood tuis, dat ons Hom erken as die Brood wat lewe gee.

5 In beweging kom.

Om vir Jesus, die opgestane Heer, te herken, maak jou hart warm en sit jou in beweging om te gaan vertel. Die erediens van die lewe begin ná die erediens in die kerk. Ons het God gesien en kan nie daardie belewenis vir onself hou nie.

Kom saam, nooi vreemdelinge saam, laat ons lees en praat oor die Bybel. Bid saam en breek brood saam en gaan die wêreld in met dit wat saam beleef is. God word baie keer in die onbenullige raakgesien, op 'n donkie en in Emmaus word Hy herkenbaar as die Messias.

Ds Gideon.

OP REIS (8) ... IN EFESE

Die grafte van Lukas, Maria en Johannes, maar ook die suster van Cleopatra, word in Efese gevind. Die pad af na die hawe, die biblioteek en die openbare toilette met



lopende water is van die strukture wat vir altyd in 'n mens se geheue ingeprent is. Dit is die lees van die brief Efesiërs wat in die ou stad nuwe betekenis kry; omring deur geboue en beelde is dit juis die Lewende God wat in mense woon

wat 'n werklikheid word.

In die brief skryf Paulus dat dit God se plan was om deur Christus alles onder een Hoof te verenig. Dat Hy n nuwe mensdom byeen gebring het en ons deur die Heilige Gees as eiendom van God beseël het. Dit was toe nie die Romeinse Keiser wat die groot mag gehad het nie; dit was nie die hoogstaande kultuur wat bly staan het nie. Dit was die Lewende God wat deur die verkondiging van die evangelie mense se lewens verander het.

Sien, die stad wat uiterlik vertoon het as 'n toonbeeld van 'n hoë standaard van lewe was eintlik vreeslik korrupt en was bekend vir onsedelikheid. Daar word vertel dat die biblioteek met 'n ondergrondse gang verbind was met 'n plesierhuis aan die onderkant van die straat. Uiterlik het dit gelyk soos 'n welbelese man wat biblioteek toe gaan om sy kennis te verbreed, maar al die tyd het die beskaafde na onder verdwyn om hom te gaan oorgee aan seksuele bevrediging. Paulus skrywe: "Moenie langer soos heidene lewe nie ... Hulle het heeltemal afgestomp geraak en hulle met 'n onversadigbare drang aan losbandigheid oorgegee om al wat vuil is, te doen."

Hy bid: "Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek". Dit sluit aan by sy gebed in die begin dat God ons geestesoë sal verhelder sodat ons kan weet water hoop Sy roeping inhou en hoe geweldig groot Sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo.

Ds Gideon.

WANNEER DIE KERK KONINKRYK WORD

Tydens huisbesoek verlede week, maak een van ons oudste lidmate die volgende opmerking: "Domi-

nee, met koeksisters het ons die orrel betaal!" In dieselfde asem verklaar sy: "Nou is ek oud en kan nog net bid ...bid sommer vir almal en alles: die droogte, die regering, my kleinkinders!"

In haar opmerking beleef ek die verskillende gestaltes van die kerk. Nostalgies vertel sy van die vroeë oggende in die kerkkombuis waar die susters byeenkom om die maand se koeksisters te bak vir die Orrelfonds. Die kerkkombuis was die plek waar stories uitgeruil is; waar nuus oorvertel is; waar daar in mekaar se lief en leed gedeel is.

Net daarna besoek ek 'n jong paartjie wat vertel hoe lekker dit is om die gemeente se doen en late te volg op Facebook en die saam gesels op Twitter en WhatsApp.

Ten spyte van die verskillende generasies wat saam gegroeppeer is in een gemeente, het ek weereens besef dat die kerk in die een-en-twintigste eeu steeds die gestalte openbaar van "na binne" leef asook die gestalte van "na buite."

Die gemeente beleef vandag nog sy verantwoordelikheid om dit wat sy eie is; sy eie karakter; eie etos te versorg, op te bou en uit te brei. Dit vind plaas in haar eredienste – 'n eie aanbiddingstyl met begeleiding deur 'n orrel en op plekke deur 'n gemeente se orkes. Dornies versorg lidmate in traumatiese gebeure in hulle lewe. Gemeentes doen Bybelstudie, het 'n aktiewe omgegroepebediening, bied 'n Bybelskool aan en poog om lidmate geestelik op te bou en te versterk.

Op lamppale pryk kleurvolle plakate van 'n gemeente se jaarlikse kermis of sommer net outydse kerkbasaar. Ander advertentier weer een of ander kunstenaar of motiveringspreker wat optree.

Dit word alles gedoen om te sorg

dat die gemeente na sy eie omsien en dit versorg. Fondse word gein om die begroting te laat klop sodat alle verpligtinge nagekom kan word.

So leef die gemeente vir haarself en na binne.

In dieselfde asem leef die kerk ook sy roeping uit wanneer sy besef dat geen kerk net vir haarself bestaan nie.

Die afgelope tyd het dit weereens so duidelik geword dat die kerk nooit net vir haarself kan bestaan nie. Water word bymekaargemaak en daar word uitgereik na die droogtegeteisterde gebiede oor die lengte en breedte van ons land. Gemeentes organiseer uitreike en stranddiens- en dienswerkkampe word oral aangebied. Oor land- en taalgrense word sendelinge en werkers ondersteun om die Goeie Boodskap te verkondig.

Word daar egter so 'n bietjie dieper gekrap as die Sondagafkondigings en die begroting van die gemeente, gebeur die wonderlike dat lidmate buite die formele en amptelike kanale op soveel plekke besig is om hoop te bring en 'n verskil te maak. Daar is die getuïenisse van ouers wat 'n ekstra pakkie broodjies inpak skool toe om vir 'n maatjie te gee wat sonder broodjies moet pouse hou, lidmate wat bure of families ook finansieel ondersteun waar werksverliese plaasvind, 'n man wat in sy werksomgewing 'n biduur lei en sy geloof by die werksplek uitleef.

Ons hoor van 'n vrou wat by haar werk die een is by wie almal kom afpak oor spanning by die huis of 'n tiener wat die wêreld moeilik maak.

En dit is die getuïenis dat die kerk nooit net leef vir haarself nie, maar juis geroep is om daar te wees vir die wat nie deel is nie.

So leef die kerk ook na buite!

Dr Dewyk Ungerer moderator van die Noordelike Sinode. Kerkbode 4 Maart 2016.

—oooOOOooo—

Op die eerste Sondag van April het ds Johan Fourie die diens waargeneem. Hy het 'n besondere weergawe van die wet en belydenis gebruik, wat ons hier weergee:

TIEN GEBOOIE

Jy mag geen ander gode hê nie. Jy moet die drie-enige God alleen vertrou, van Hom alleen die goeie verwag, en Hom bo alles liefhê.

Jy mag geen beeld van God maak nie.

Onthou, die Here is meer as jou gedagtebeeld van Hom, Sorg daarom dat jy sy woord hoor – so word jy telkens gekorrigeer in jou skraal denke oor Hom.

Jy mag nie sy Naam ydellik gebruik nie.

Onthou : Die Here het jou lief . . . leef uit sy liefde . . . anders misbruik jy sy naam.

Jy mag geen werk op die Sabbat doen nie.

Rus in God se genade in Christus . Hierdie rus word versterk by die eredienste.

Eer jou vader en jou moeder.

Gee erkenning vir hulle wat jou in die lewe help, en respekteer gesag.

Jy mag nie moord pleeg nie.

Respekteer die lewe van ander mense; dink, doen en sê net wat ander se lewe opbou.

Jy mag nie egbreuk pleeg nie.

Koester jou huweliksmaat, wees trou aan mekaar, hou jou seksueel rein, wees trou in alle verhoudings.

Jy mag nie steel nie.

Hanteer ander mense se goed versigtig, gee aan almal wat hulle toekom, betaal jou skuld.

Jy mag nie valse getuïenis aflê nie.

Moenie onwaar of halwe waar dinge oor ander mense kwytraak nie; beskerm eerder ander mense se eer.

Jy mag nie iets van jou naaste begeer nie.

Gun ander mense ook vreugde in die lewe; moenie dinge vir jou wil opeis wat aan ander behoort nie.

GELOOFSBELYDENIS

Ek glo die Here is my Herder (Ps. 23:1); Hy het ons gemaak en ons is syne, sy kudde, sy skape deur sy hand versorg (Ps.100:3; Ps. 95 :7). Daarom kom ek niks kort nie en weet ek Hy lei my altyd op die regte paaie tot die eer van sy Naam. Selfs al gaan ek deur donker dieptes, sal ek nie bang wees nie, want Hy is by my (Ps.23:1,3). In sy hande is ek veilig (Ps. 23:4).

Ek glo in Jesus Christus, die goeie Herder (Joh.10:11), wat gekom het om te soek en te red wat verlore is (Luk.19:10). Want ons het almal gedwaal soos skape, ons het elkeen ons eie pad geloop, maar die Here het ons almal se sonde op Hom laat afkom (Jes.53:6).

Ek glo die goeie Herder het sy lewe ook vir my afgelê (Joh.10:11). Soos die profete voorspel het, is Hy doodgemaak (Sag. 13:7), maar God het Hom, wat die groot Herder van sy kudde is, uit die dood teruggebring (Hebr.13:20).

Ek glo Hy gee die ewige lewe vir elkeen wat na sy stem luister en Hom volg (Joh. 10:27-28).

Ek glo die goeie Herder het vir Hom een kudde losgekoop uit elke stam en volk en nasie (Open. 5:9).

Ek glo Jesus het ook vir my as herder aangestel om sy skape op te pas en sy lammers te laat wei (Joh.21:16). Wanneer Hy as Op- perherder weer kom om die mense van mekaar te skei soos die wagt- ter die skape van die bokke skei (Mat. 25:32), sal Hy die heerlikheid as onverganklike kroon gee vir elkeen wat Hom getrou gedien het

(1 Pet. 5:4).

VAN BOSMANSTRAAT

NA AFRIKA

Die Bosmanstraatkerk was deka- des lank 'n baken van die NG Kerk se teenwoordigheid in die mid- destad van Pretoria. Vandag huis- ves dié gebou wat om die helfte deur die plaaslike NG en VGK ge- meentes besit word, ook 'n bedie- ning wie se invloed tot diep in Afri- ka strek. Ernst Muller vertel.

“Hoe sou dr Herman Bosman hierdie ervaring beleef het?”, het ek gewonder, terwyl ek na die geesdriftige gemeentesang in Frans, Swahili, Tswana, Zoeloe en Engels luister.

Die geleentheid was 'n feesdiens van die International Church Preto- ria (ICP) in die Bosmanstraatkerk. Die hoofaanbiddingstaal van dié geloofsgemeenskap is Frans en word Sondae gevolg deur die VGK gemeente Melodi Ya Tshwane se eredienste in Tswana en Engels.

Dr Bosman het 'n allemintige 50 jaar lank (1876-1926) in die NG gemeente Pretoria gedien, aan- vanklik vanuit die eerste kerkge- bou op Kerkplein (tot dié in 1883 afgebrand het), toe die tweede (wat in 1904 gesloop is) en daarna vanuit die bekende “Groote Kerk” op die hoek van Bosmanstraat (wat na die einste dominee ver- noem is) en Madiba-(vroeër Ver- meulen) straat.

Toe prof Piet Meiring van UP se Fakulteit Teologie in 1990, tydens 'n missiologie kongres in Nairobi, met ds Emmanuel Tshilenga van die Demokratiese Republiek van die Kongo kennis maak, het hy hom genooi om sy doktorsale stu- dies by UP (“in the city of David Bosch”) te kom doen.

So gesê, so gedaan: in 1993 ver- huis die hele Tshilenga-gesin sak en pak, en nie sonder 'n goeie do- sis benoudheid nie, na die destyds

onstuimige Suid-Afrika – aanvank- lik net vir die tydperk wat dit Pa sou neem om sy studies te voltooi, wat hy wel in 1999 onder leiding van Prof Dons Kritzinger gedoen het. Die prikkelende tema van sy proefskrif was: “Collective sins in Africa.”

'n Franssprekende kerk

Hulle was skaars in Pretoria toe hulle ontdek dat daar talle herder- lose Franssprekende gelowiges el- ders uit Afrika hier woon; en binne twee weke na hulle aankoms sien die International Church of Pretoria (ICP) die lig. In 1994, dieselfde week dat pres Nelson Mandela in Pretoria ingesweer is, begin die ICP in Bosmanstraat se kerkgebou aanbid.

Vandag is die Tshilengas steeds hier, diep ingeburger in die Suid- Afrikaanse kerkgemeenskap, waar hierdie groeiende en florerende gemeente in 2013 reeds hulle 20ste bestaansjaar met groot dankbaarheid kon vier. Die ICP fokus sterk daarop om veral na Af- rika-studente en ambassade- personeel uit te reik, en ook na minderbevoorregtes om te sien.

Maar die storie het nog meer op- windende dimensies: naas sy plaaslike gemeenteplygte, is dr Emmanuel ook stigter-president van Opération Africaine (Operaf/ Operation Africa), wat sedert 1993 leiers in Afrika toerus. Die oplei- ding is primêr gerig op senior staatslui en sakeleiers.

Onder hulle studente tel Operaf verskeie presidente, kabinetslede, goewerneurs, ambassadeurs en ander politieke swaargewigte wat Christene is. Hulle woon nie net seminare van Operaf by nie, maar raadpleeg Tshilenga gereeld oor die toepassing van Christelike be- ginsels en etiese riglyne in moeilike situasies. Tydens spits- berade word die nederige leraar soms genooi om bidure en Bybel-

studiesessies vir groepe van die gelowige leiers te lei.

Terwyl ek besig is om met hom te gesels, lui sy selfoon, en hy vra verskoning om die oproep te beantwoord. “Its from Burundi”, fluister hy, voordat hy in snelvuur- Frans oorskakel. Wanneer Afrika roep.... Tshilenga werk saam aan 'n projek om hoopvolle suksesverhale uit Afrika te versa- mel en te verwerk met die oog op 'n boek, ter inspirasie van gelowi- ges wat dit moeilik vind om hulle geloof in besigheids-, staats- en politieke milieus uit te leef.

Vier boeke uit sy pen het reeds die lig gesien, terwyl die heruitgawe van *Collective sins in Africa* en drie ander vir publikasie voorberei word. Afrika het sulke insette en verhale uit die hart van die in- heemse leiers broodnodig.

Intussen het die kinders grootge- word. Christian en David woon steeds in Suid-Afrika, terwyl Jonah en Esther in Engeland gevestig het. Mev Elizabeth Tshilenga is 'n bedienaar in eie reg, in besonder onder die vroue en kinders van die ICP, sowel as die eggenotes van ambassade-personeel.

Ek vermoed dat 'n tydreisende dr Bosman, na die aanvanklike skok oor wat alles in die 83 jaar na sy dood in die eens rustige dorp ver- ander het, baie tevrede sou wees met wat hy waarneem. Die evan- gelie word steeds met vuur en oor- tuiging verkondig, die sendingveld van vroeër het deel van 'n reuse sendingbeweging geword, be- kwame inheemse kerkleiers neem al hoe meer verantwoordelijkheid vir Afrika met al sy uitdagings, seëninge en geleenthede – en in die “Bosmanstraatkerk” word die Here steeds met oorgawe geprys – onder meer in die taal van die Hugenote.

“Voortreflik!” kan ek my voorstel dat die ou Afrikaanse dominee

uitroep as hy oor die lofsingende skare gelowiges kyk; en "Mervelleuse!" stem dr Emmanuel saam.

Kerkbode, 5 Februarie 2016.

EKOTEOLOGIE

Fouché wil 'n olyfkerk help bou

Hoe lyk die NG kerk se pad vorentoe met ekoteologie? In sy skripsie vir sy meestersgraad maak ds Fouché de Wet van die Stellastraatgemeente in Pretoria 'n paar voorstelle. Hy het met Neels Jackson daaroor gepraat.

"Ons kom al meer agter dat daar 'n behoefte in die kerk is", sê Fouché. "Ons weet ons moet iets doen, maar ons weet nie wat nie." Die gemeente het praktiese hulp nodig oor hoe hulle kan leef op 'n manier wat goed is vir God se aarde. Dis waaroor sy studie gegaan het.

Fouché se pad met ekoteologie kom al 'n entjie. As student het hy betrokke geraak by Nova, 'n niewinsgewende entiteit wat deur teoloë begin is om navorsing te doen wat in die praktyk kon neerslag vind.

So was hy betrokke by 'n projek wat huishoudings gehelp het om te funksioneer op 'n manier wat gesonder is vir die omgewing. Hulle sou byvoorbeeld meet hoeveel krag gebruik word in 'n huishouding, kyk hoe hulle dit gebruik en maniere voorstel oor hoe om dit te verminder.

Later het Nova die versoek gekry om gemeentes te help om betrokke te raak by omgewingsorg. Dit het gelei tot sy studie oor *Die missionale gemeente en 'n ekologies volhoubare gemeenskap*.

Maar in watter mate het die ekoteologie in gemeentes se hart tuis gekom?

Nie baie nie, sê Fouché, in die ge

reformeerde denke suig die ekoteologie aan die agterspeen. En solank sorg vir die omgewing nie deel is van 'n gemeente se kernteologie nie, sukkel jy om dit deel te maak van die gemeentelewe.

Die gereformeerde teologie, verduidelik Fouché, is baie mensgedrewe. Vir baie lidmate gaan dit net oor persoonlike redding, en selfs vir dié wat missionaal dink, gaan dit oor hoe jy mense kan help, hoe jy mense se nood en pyn kan verlig. Daar is 'n baie mensgerigte fokus in die verstaan van hulle roeping.

Dit, se Fouché, is om twee redes gebrekkig.

In die eerste plek ignoreer dit 'n baie lang tradisie dat die aarde, soos Psalm 24 sê, aan die Here behoort.

In die tweede plek kyk dit die feit mis dat menslike nood baie nou verwant is aan die gesondheid van die omgewing. Nood word dikwels deur omgewingsfaktore veroorsaak.

Dit is op hierdie punt dat die teoloog Steve de Gruchy gekom het met sy gedagte van 'n olyfagenda. Dit is 'n agenda wat die groen en bruin kwessies by mekaar uitbring.

Groen kwessies gaan oor die bewaring van die omgewing. Dit sluit iets in soos die veldtog teen renosterstropery, of die veldtog vir die bewaring van vleie, of die skoonmaak van spruite.

Bruin kwessies is gemeenskapgedrewe projekte soos werkskepping of armoedeverligting. Gemeentes wat kospakkies maak vir armes, val in hierdie kategorie.

Deur anders te dink, kan jy die omgewing én die armes help, sê Fouché. 'n Groentetuinprojek is 'n voorbeeld hiervan.

Die olyfagenda vra dat 'n mens bewus moet wees daarvan dat alle aspekte van die lewe 'n impak op

die omgewing het. Dit sluit in die manier waarop ons Sondae kerk hou, hoe ons projekte aanpak, hoe ons vergaderings hou.

As jy met integriteit wil lewe – en dit geld die gemeente en individu – moet jy bewus van jou verantwoordelikheid teenoor die skepping, lewe. Jy moet na jouself kyk en vra wat is die voetspoor wat jou manier van lewe op die omgewing het.

Die uitdaging is nou om gemeentes daarmee te help om as 't ware 'n olyftak te word.

Die gedagte is om te begin met 'n proses om gemeentes te help om sensitief te lewe. Iets amper soos die Genootskap van Gestuurde Gemeentes.

Safcei (die Southern African Faith Communities' Environment Institute) het 'n beweging vir ekogemeentes, maar dit is vir die vroeë bewegers, dié gemeentes wat die voortou neem en hulle eie energie genereer.

Elders – in Nederland, Engeland en die VSA byvoorbeeld – is daar sterk begeleide prosesse wat gemeentes help om meer ekologies sensitief te leef.

Dit is so 'n proses met sterk begeleiding wat Fouché in sy studie voorstel.

Daarvoor het hulle reeds goedkeuring van die Algemene Sinode gekry. Nou moet dit net ontwikkel word.

Fouché voorsien 'n proses met roetemerkers eerder as een resep wat vir almal geld. Hy weet stadsgemeentes sal dit anders doen as plattelandse gemeentes, om een voorbeeld te noem.

Die gedagte is om te begin met 'n proses om gemeentes te help om prakties en meetbaar 'n verskil te maak aan die omgewing.

So 'n proses kan verskillende

modules hê. Een sou byvoorbeeld kon gaan oor water- en energieverbruik. Dan doen mens 'n oudit van 'n gemeente se verbruik sodat jy dit kan verstaan. As 'n gemeente sy eie verbruik verstaan, kan hy werk aan maniere om dit te verminder.

Dis belangrik dat 'n mens nie net moet inspring en dinge begin doen sonder om mooi te verstaan wat jy doen nie.

Hulle werk met die konsep van 'n huishouding. Almal is deel van 'n groot huishouding en die manier waarop elkeen daarin leef, het 'n impak op die ander.

Die plan is om reeds in 2017 met die begeleidingsproses te begin. Gemeentes moet nou al begin dink of hulle daarby wil inskakel, sê Fouché.

Belangstellendes kan ds Fouché de Wet kontak by fouche@stellastraat.co.za.

Kerkbode 5 Februarie 2016.

Ons plaas vir u inligting die Pastorale Brief van die Algemene Sinode gedateer Maart 2016:

Liewe Lidmaat

Ons, die dagbestuur van die Algemene Sinode, is besorg oor die stand en gang van sake in die wêreld en in Suid-Afrika. Ons rig hierdie brief aan jou om iets van ons besorgdheid te deel, maar ook ons deernis te betuig met lidmate wat in hierdie dae ongemak en spanning ervaar met die wêreld waarin jy leef. Ons, die lidmate van die NG Kerk, word nou, soos selde vantevore, uitgedaag tot 'n nuwe verbintenis om Christus te volg.

Die ekologiese krisis van aardverwarming en die uitputting van die aarde se bronne, ekonomiese faktore, roekelose ekstremisme wat mense se veiligheid bedreig en immigrante wat na die Weste stroom, is ontwrigtend op baie vlakke en daag ook nou gelowiges se vertroue in God uit.

Suid-Afrikaners is ook onderhewig aan 'n groeiende spanning tussen diegene met bates, belange en wat baie het om

te verloor, en diegene wat niks het om te verloor nie. Ons weet dat hierdie kloof in Suid-Afrika van die grootste in die wêreld is. Die simptome en implikasies van hierdie spanning word daaglik in die media rapporteer. Die voortgaande politieke transformasie in ons land vereis dat groot politieke en ekonomiese aanpassings gemaak word.

Dit stel besondere eise aan lidmate van die NG Kerk. Baie van ons lidmate geniet om historiese redes meer ekonomiese en sosiale voorregte as die gemiddelde Suid-Afrikaner. Die eise om die herverdeling van rykdom, toegang tot studie- en werkseleenthede en 'n groter aandeel aan die ekonomiese bronne van die land deur mense wat voorheen nie op gelyke vlak toegang daartoe gehad het nie, het dus implikasies vir ons lidmate in bevoorregte posisies. As navolgers van Christus is ons ook ernstig daaroor dat daar geregtigheid vir alle mense moet geskied en neem ons heelhartig deel aan maatreëls om ons land te genees.

Ons is daarom ook dankbaar om deel te wees van 'n kerk en kerkfamilie wat op 'n wonderlike wyse die nood van mense aanspreek. Te min erkenning word gegee vir die wyse waarop ons oor die grense van kerklidmaatskap dienend leef en werk. In die familieverband is ons sinodes se finansiële barmhartighedsbydrae meer as R1,2 miljard per jaar. Ons lewer jaarliks professionele maatskaplike dienste aan meer as 'n miljoen mense. Dit beïnvloed bykans 5 miljoen mense se lewens. Maar veel groter as dit is die bydraes van gemeentes en lidmate in hulle persoonlike roeping tot die welsyn en ondersteuning van mense wat swaarkry. Daar is nie 'n gemeente en bykans geen lidmaat wat nie uitdeel en gee sonder om terug te verwag nie. Hierdie hulp geskied oor alle grense van ras, taal en agtergrond. Dis nêrens aangeteken nie en ons loop nie daarmee te koop nie. Ons antwoord met ons lewenstyl op die nood van Suid-Afrika. Ons het met ons lewens 'n dienende kerk geword en ons roep ons gemeentes en lidmate op om juis nou voort te gaan om as dienende kerk te leef.

Ons is egter bekommerd oor die kultuur van minagting en stereotipering wat oor die afgelope jare in ons land ontwikkel het. Byna alle indekse dui daarop dat

die sosiale kohesie in ons land onder toenemende druk verkeer en rassenspanning as gevolg daarvan toeneem. Die wyse waarop mense, waaronder ons lidmate, gestereotipeer, uitgesluit en bedreig word en soms met venyn beledig word, is kommerwekkend. Baie van ons mense verkeer, soos ander Suid-Afrikaners, ook vanweë ekonomiese redes onder uiterste druk. Voeg hierby die plaasaanvalle en plaasmoorde wat duisende gelowiges se lewens radikaal beïnvloed en verwoes. Grondeise wat vir jare en jare draal, ontnem landbouers van hulle sekuriteit en toekomsvisie. Die regering se voorgestelde beperking van die grondoppervlakte wat boere mag besit, hou ook nie rekening met die eise van suksesvolle kommersiële landbou nie en is 'n bedreiging vir voedselsekureit. Die styging in voedselpryse raak almal in ons land, maar veral die armstes word swaar getref. Dit plaas uiteraard ook druk op ons vermoë om diegene wat arm is en ly, te help. Die droogte het ons landbougemeenskap verder onder geweldige druk geplaas. Die gebrek aan basiese dienslewering en noodsaaklike onderhoud aan paaie, elektrisiteits- en watervorsieningsnetwerke wek ook groot kommer en frustrasie.

Ons hoor voortdurend verhale van jong lidmate van die NG Kerk met uitstaande akademiese prestasies in matriek wat nie keuring vir hulle voorkeurskurse aan tersiêre instellings kry nie. Druk op openbare skole tot eentalige onderrig in Engels het eweneens implikasies vir lidmate se taal- en opvoedingsvoorkeure.

Die voortgaande ontwrigting op verskeie universiteitskampusse is 'n bron van baie groot kommer. Die wyse waarop studente geviktimizeer word en onder druk geplaas word, die impak van groter politieke agendas wat op kampusse aan die orde kom en studente se lewens beïnvloed, die wyse waarop Afrikaans as onderrigtaal hanteer word, asook die hoogs bedreigende en vlambare omstandighede waarin studente hulle bevind, dra op grootskaalse wyse by tot mense se gevoel van bedreiging en spanning. Die oënskynlike gebrek aan ewewigtige leierskap deur die regering – waarin die belange van almal ewe ernstig geneem word – vererger grootliks die gevoel van onveiligheid.

Ons verstaan dat baie lidmate tans op

'n emosionele vlak swaarkry, ontwrig is deur openbare disrespek, diskriminasie ervaar en daarmee saam diep gevoelens van vernedering en verwerping beleef.

Ons is saam met ons susterskerke in 'n Seisoen van Menswaardigheid. Ons wil graag meewerk om respek tussen mense te herstel. Ons wil ook met deernis na mense luister en soos dit gelowiges betaam, mense omarm. Ons verbind ons in die Seisoen opnuut tot self-prysgewende liefde. Ons wil op hierdie wyse 'n kragtige getuienis oor die alternatiewe soort lewenstyl wat Jesus ons geleer het, lewer. 'n Mens kan in hierdie spanningsvolle tyd maklik deel word van die groep Suid-Afrikaners wat disrespekvol is. Jy kan aansluit by diegene wat praat oor ander sonder dat hulle ooit geluister het en hulself in die ander se skoene geplaas het. Jy kan jouself onttrek en geen verantwoordelikheid aanvaar vir die land of vir mense wat anders as jy is nie. Mens kan ook nou kies om net te blameer en veroordeel en geen bydrae maak tot geregtigheid en die heling van ons land nie. Jy kan saamspeel en rassisme koester. Daar is baie opsies.

Verreweg die meerderheid van die NG Kerk se mense, so glo ons, het egter reeds gekies om 'n konstruktiewe bydrae te maak, om betrokke te bly by ander, om respekvol te bly ongeag enigiets wat van jou gesê word of aan jou gedoen word, om ons medemens te omarm en te luister na ander se stories en menings, en om lief te hê en so in Christus se voetspore te volg. Ons maak daagliks, weer en weer, die beslissing om as navolgers van Christus anders te reageer as mense wat Hom nie ken nie. Ons kies vir respek en luister, vir omarming en liefhê met die oog op die belang van die ander. Ons verstaan dat God hierdie land vir ons almal gegee het en dat ons net gelukkig kan wees as daar na almal se belange omgesien word en daar geregtigheid vir almal is.

Ons, die dagbestuur van die NG Kerk se Algemene Sinode, bid daarom dat die Heilige Gees self elkeen sal troos wat in hierdie dae ly en seerkry as gevolg van disrespek en 'n gebrek aan begrip en liefde van medeburgers. Ons bid vir jou vir wysheid en fyn aanvoeling met die oog op 'n Godvrugtige lewe. Ons bid dat Filippense 1:9 en 10 vir jou waar sal wees: "Ook bid ek dat julle

liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat julle die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom." Ons moedig jou aan om vanuit 'n diep persoonlike verhouding met God te onderskei wat sy roeping vir jou is. Ons bid dat jy dan daagliks met jou lewe sal getuig van die transformerende krag wat uitgaan van ons Hoof, Jesus Christus. Mag jy sy vrede en trou, sy inspirasie en krag ondervind en met jou lewe saamskryf aan 'n alternatiewe storie vir Suid-Afrika.

Die Here is met jou!

In Christus

Nelis Janse van Rensburg Namens die Algemene Sinode Moderatuur

VERKLARING SUID-AFRIKAANSE RAAD VAN KERKE (SARK)

Gedateer 31 Maart 2016

The highest court in the land has, today, delivered a devastating judgement on the constitutional and moral conduct of the President, the National Parliament and the leadership of the Speaker. In any normal democracy the State President would go before the nation tonight and announce his resignation. But then we are not a normal democracy.

Yet today every South African, regardless of race, religious or political affiliation, can confidently say that there is no individual at any level that can operate above the authority of our constitution. This makes this day both a sad and a happy day, sad that it had to come to this, and happy that the national integrity has been restored by the ConCourt.

In his unanimous ruling, Chief Justice Mogoeng Mogoeng went to great lengths to demonstrate the constitutional requirements of the Office of the President; the National Assembly and Parliament; and the Office of the Public Protector. This, he did, in an effort to emphasize that the pillars that each of these structures is built on, are interwoven with the DNA of the constitution itself. Any deviation by these three structures, from upholding the rules of the constitution, would jeopardies our young and already-weakened democracy.

The ruling therefore brings us closer to attaining a level of respectability as a nation.

From the time that the Nkandla report was issued by the Office of the Public Protector in 2014, the SACC communicated to both President Jacob Zuma and the African National Congress (ANC) leadership (Top 6 collectively and individually), to advise that the funds in question be swiftly returned, in order to steer us away from the constitutional and moral quandary we now find ourselves in as a nation. This counsel was offered on several occasions, and as late as December 2015. We strongly believe that, had the advice been heeded at the time, we could have avoided the intense embarrassment that is currently experienced by the Office of the President and the august body that is the Legislature of our nation. We see this as a crisis of great magnitude for both the President and the National Assembly.

We have additionally observed that there is likely a flaw in the National Assembly electoral system, given the resolution of the National Assembly, now set aside by the ConCourt, that blatantly supported the personal interests of the president of the party that lists them for seats in the Assembly. Members of Parliament are meant to represent the interests of the South Africans who voted them into office. However, the actions of the National Assembly point to a complete disregard for the millions of South Africans, in favor of public demonstrations of allegiance to the party president at the expense of the Rule of Law.

This begs the question: is our National Assembly truly representative of the nation? Or has it deteriorated into an 'individual assembly', where 'Honourable' seats in the house are given by the party hierarchy as deposits into a 'favour-bank', from which withdrawals will be made, even at the expense of the Constitution?

Following exactly two years of considerable national strain, we can only hope that President Zuma will act on any shreds of integrity that still remain in the Office of the President, and stand before the people of South Africa, taking ownership of the quagmire he faces,

consult with his political advisors and do the Honourable thing in circumstances.

The Nkandla saga is not only a moral dent for the President and Parliament. It is a moral dent for the ANC in government. It surely has a moral duty to remedy this as a matter of urgency. The longstanding values of the party that Luthuli, Tambo and Mandela led would not have allowed for R250 million to be spent by the Treasury in the name of upgrading and securing the home of an individual, in the face of desperate poverty and obscene inequality.

Some of our church leaders are calling on the SACC leadership to formally approach the President and the governing party to request that Mr Zuma's position be reviewed. While we continue to listen and, like all South Africans, mull over this body blow to our constitutional system of governance, we call on the ANC to seriously take stock of this damage to the country and its integrity. After further thought and consultation, the SACC may pronounce further on these developments.

In the meantime, we have certain minimum expectations of Parliament and the President.

We expect our Parliament, through the Office of the Speaker, to acknowledge the disaster they have occasioned.

We expect our Parliament to urgently take appropriate remedial steps to restore confidence in the oversight role of the institution over the Executive.

Up to now, the President has denied knowledge of the various upgrades to his Nkandla residence, including the building of a kraal (isibaya) for his cattle.

We expect President Zuma's tune to change.

We expect President Zuma to say that he was at fault.

We expect President Zuma to apologize to the tax-paying citizens of our country.

We expect President Zuma to settle the entire bill that will be presented to him by the national treasury.

Furthermore, we expect President Zuma to call his political advisors together, to determine what the best political options would be, to restore faith to the Office of the President that he occupies.

We do not believe that this is too much to ask, under the circumstances.

1. V GK IN SUIDER-AFRIKA – EVANGELISASIE

“En julle, wat dood was deur die misdade en die onbesnedenheid van julle vlees, het Hy saam met Hom lewend gemaak deurdat Hy julle al die misdade vergeef het, en die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael” (Kol 2:13-14).

Iemand het eenmaal gesê: “As die hart van ‘n musikus breek dan breek dit in musiek”, maar van Jesus kan ons sê: “As Sy hart breek dan breek dit in liefde”.

In die eerste kruiswoord kom Jesus se goddelike liefde en vergewensgesindheid duidelik tot openbaring. Selfs in Sy hoogste lyding het Jesus nog lief en bid Hy vir sy vyande. Hierdie gebed moes selfs sy grootste vyande ontroer het, want ons, as mense, met ons beperkte denkvermoë kan nie só ‘n alles vergewende liefde verstaan nie.

Jesus bid vir Sy vyande, vir Pilatus, vir die volk en vir die soldate. Hy bid vandag nog vir die mensdom. Waar Hy aan die regterhand van die Vader sit, tree Hy vir ons in. Ons, wat Hom steeds bevraagteken, sy geboorte, lewe, sy bestaan, sy kruisdood en selfs sy opstanding. Ons wat hom nog steeds belaster, verloën, verraai en deur ons sondes bedroef en verwerp, vir ons het Hy nog steeds lief met sy groot vergewende liefde. Hy reken ons ons sonde nie toe nie, maar vergeef dit, delg dit uit en herstel ons as Sy kinders. Dít is Goddelike liefde, Goddelike vergewing.

Met lydenstyd en Goeie Vrydag moet hierdie groot liefde van God in die sterwe van Sy Seun, Jesus Christus, ons opnuut aangryp en dwing tot aanbidding en danksegging. Ons eie verlossing en God se liefde vir my moet weer vir my ‘n wonderlike werklikheid word.

Wanneer dit gebeur en ek God se liefde self weer ervaar en verstaan, dan sal ‘n natuurlike drang, ‘n passie vir siele by my ontstaan. Dan word ek ‘n spontane getuie, ‘n lewende voorbeeld van die liefde van God teenoor die ongelowiges rondom my.

BYBELS: Ds Joseph Sekgogoba het afgetree en het verhuis, maar hy en sy vrou gaan nog volstoom voort en is hy baie dankbaar vir die Zulu- en Shona

Bybels wat ons aangestuur het. Hierdie week sal daar nog Bybels bestel word vir verspreiding. Baie dankie aan almal wat dit vir ons moontlik maak.

LILYDALE: Buiten die feit dat David Khosa werk en studeer, loop dinge klopdisselboom op Lilydale. Ons gaan binne die volgende week of wat Lilydale toe om ‘n tent of twee op Nelspruit te gaan koop sodat die werk in daardie omgewing nog verder kan uitbrei.

Sodra ons dit kan reël, gaan ons ‘n gemeente in Diepsloot, buite Johannesburg besoek. Hier is heelwat Engelse kinderleesstof en ons gaan dit vir die Sondagskoolkinders uitdeel.

Daar word gekyk om meer gemeentes in die toekoms te besoek met jeugbe-

SENDINGNUUS

Ingestuur deur Betsie de Wet

diening en waar die gemeentes aangemoedig gaan word deur gebeds- en dissipelskapopleiding. Alles is nog in die pyplyn en ons sal u mettertyd daarvoor inlig.

DIE ONAFHANKLIKE KERKE IN AFRIKA: Dit verteenwoordig meer as 10 000 onafhanklike Christelike denominasies in Afrika. Daar is twee redes vir ons belangstelling in die Onafhanklike Kerke. Ten eerste behoort ‘n groot persentasie van ons medelandgenote in Suid-Afrika aan een van hierdie kerke of groepe. Tweedens verkry ons ‘n dieper insig in hulle godsdienstige lewe wanneer ons hierdie kerke bestudeer.

Terminologie: Die Onafhanklike Kerke is al daardie kerke wat ‘n nie-Westerse oorsprong het. Hulle het dus op swart inisiatief ontstaan en is nooit tydens hulle ontwikkeling merkbaar deur blanke ingryping beïnvloed nie. Daarteenoor is die historiese kerke almal kerke van Westerse oorsprong. Hierdie oorsprong kan in Europa, Amerika of Suid-Afrika wees. Ons sou ook ‘n derde groep kon aantoon, naamlik die charismatiese kerke soos die AGS, Volle Evangelie en “Assemblies of God”. Naas hulle aanhang onder blankes het hulle ook ‘n aanhang onder ons medelandgenote. Hulle word die “Bazalwane” (Zulu) of “Bapholoswa” (Sotho: Verlostes) genoem en hulle teologie is baie naby aan die van hulle moeder-kerke, alhoewel genesing meer klem kry.

Indelings van die Onafhanklike Kerke wat gemaak word, is nie waterdig nie omdat die situasie vloeibaar is. Daar word onderskei tussen Zioniste, Apostoliese Kerke en Etiopiese Kerke. Onder die Zioniste tel die kerke met ‘n sterk hoofleier en ‘n Jerusalem of Moria, soos die ZCC en Shembe se kerk. Die Apostoliese kerke is meestal klein groepies. Daar is tog ook groteres soos

die "St John's Apostolic Faith Church". By hulle is daar minder klem op die posisie van die hoofleier. Die Etiopiese kerke plaas gewoonlik meer klem op politieke betrokkenheid en minder op die werksaamheid van die Heilige Gees. Die meeste kerke wat sodanige oorsprong gehad het, kan vandag nie meer van die Apostoliese Kerke onderskei word nie. Miskien sou 'n mens nog die "African Methodist Episcopal Church" tot hierdie groep kan reken, alhoewel laasgenoemde 'n Amerikaanse Neger-oorsprong het. (Vervolg).

Ons kon Pastoor Johannes van Zyl behulpsaam wees by 'n nedersetting in De Kroon buitekant Brits met broodnodige kinderklerie. So ook aan 'n paar inwoners van Majakaneng (Brits).

'n Skooltjie aan die Oos-Rand is ook van 'n paar stukkie skooldrag voorsien. Dankie vir hierdie groot geskenk al die pad van Delareyville af.

Ek kry soggens en saans skielik koud en besef dat die winter ons stadig maar seker bekruip. Die komberse sal seker haas uitgehaal moet word. 'n Firma aan die Oos-Rand het deur middel van ons seun van ons werksaamhede verneem en met groot dankbaarheid het ons 'n groot aantal komberse in ontvangs geneem. Dit gaan binnekort sommer 'n hele aantal lyfies warm maak.

Ons Tswana spreekwoord: Ga e ne tswa marung.

Betekenis: Dit reën nie, dit kom uit die wolke.

Gebruik: As 'n kind iets doen, moet 'n mens onthou dat hy dit nie sommer doen nie, hy het dit by die grootmense gesien en nou doen hy dit ook.

Ek kry vele oproepe: "Sê tog asb bietjie iets oor jouself, familie en jou ou beste". Ek is baie gesteld op ons privaatheid, maar sal in die volgende Evangelisasie nuus so 'n bietjie inligting gee.

Groete met 'n sonskyn hart, Marinda Cox en Personeel

Bron: Evangelisasienuus – Maart 2016; Adres: Marinda Cox, Evangelisasie, Posbus 531, Ifafi, 0260; Tel/Sel: 012 259 0152/082 574 1340; E-pos: marindacox@mweb.co.za; Bankbesonderhede: ABSA, Rekeningnr: 0690 750 252, Takkode: 632005.

2. TRANSWÊRELD RADIO SA (TWR)

WANNEER NIKS VIR GOD ONMOONTLIK IS NIE

Van 'n streng Moslemgemeenskap êrens in Afrika kom hierdie hartroerende verhaal van lewe wat weggeeneem is, maar ook van oorvloedige lewe wat ontvang is ...

"My naam is S.... en ek is die vrou

van 'n streng Moslem wat welbekend en gerespekteer is onder sy medegeelowiges. Vir baie jare het ek 'n diep hartseer in my rondgedra. Ons wou graag 'n gesin begin, maar dit was ons nie beskore nie. Na talle miskrame, sommige waarvan die babatjies doodgebore was, het 'n verlamende gevoel van magteloosheid en hopeloosheid in beide my en my man posgevat. Ons kon net eenvoudig nie langer so voortgaan nie.

"My man het as 'n toegewyde Moslem alles in sy vermoë probeer. Hy was immers 'n prominente figuur en iets moes net eenvoudig gedoen word! Hy het al sy hoop en vertroue op die Maraboet ('n Moslemheilige) geplaas, maar pure verniet. Ons kon nie die bese kringloop van dood en mislukking ontkom nie. O, die wanhoop! Die wroeging! Die skande! Dit moes net eenvoudig tot 'n einde kom! Selfs die mediese spesialiste op hierdie gebied kon ons nie help nie... Ons was totaal wanhopig.

"Eendag, terwyl ek besig was om 'n stasie op my radio te soek, het ek 'n boodskap in my moedertaal gehoor. Die programaanbieder het oortuigend gepraat. Ek het aanhou luister en gehoor dat 'niks vir God onmoontlik is nie'. My hart het van vreugde gespring. Kan dit waar wees? Is daar regtig niks wat vir God onmoontlik is nie? Kan hierdie God my ook help?

"Later die aand het ek uit die huis geglip en 'n persoon gaan opsoek wat ek geweet het 'n Christin is. Hoewel ek bang was, het ons saam in die donker na haar pastoor toe gegaan. Daar het ek my hart uitgestort. Ek het nie geweet wat om te verwag nie. Die pastoor het my van Jesus vertel en die evangelieboodskap met my gedeel. Later het hy ook vir my gebid. Die gevolg was dat ek oor die volgende paar dae die begeerte ontwikkel het om meer oor Jesus te wete te kom. Ek moes eenvoudig deur Hom aangeraak word!

"God was nie traag om my gebede te verhoor nie – spoedig was ek geseënd om 'n gesonde baba in die lewe te bring! Loof die Here! Hy het nie net lewe in my moederskoot kom plaas nie, maar ook lewe gebring aan my siel. Ja, ek het my hart aan die Here Jesus gegee.

"Ek is nou 'n geheime gelowige in die streng Moslemgemeenskap waar ek woon. Ek en ander medegeelowiges mag nie in die openbaar aanbid nie en dus kom ons gereeld in die geheim bymekaar vir 'n byeenkoms wat deur die pastoor se vrou gelei word. Bid asseblief vir ons as Christene in

die geheim."

Bron: *Gofflengte* - TWR-SA nuusbrieff: Februarie – April 2016; Adres: Transwêreld Radio-SA, Posbus 588, Bothas Hill, 3660; Tel: 031 777 6000; E-pos: gofflengte@twr.org.za; web: www.twr.org.za; Bankbesonderhede: Rekeningnaam: TWR-SA; Bank: Standard Bank; Rekeningnommer: 01 193 294 5 Takkode: 011 545

“KANKER IS NIE DIE EINDE VAN MENSWEES NIE”

Nadat hy met maagkanker gediagnoseer is, het medici Ds Darius Botha nege maande gegee om te lewe. Dit is nou 2 jaar later en Botha het pas sy doktorsgraad suksesvol verdedig: Prediking en die mens geaffekteer deur kanker. Marileen Steyn het met hom gesels.

Darius Botha stap al 'n lang pad met kanker. Sy tweelingkinders, Carine en Tobie, is op onderskeidelik ses en agtien jaar aan kanker oorlede. Tydens beide sy kinders se reis met kanker en later tydens sy eie reis daarmee het Botha opnuut sy sekerhede bevraagteken en het hy wéér en wéér met die Here gewroeg.

“'n Mens verander,” vertel hy. “Dit waaraan jy vasgehou het, raak onduidelik. Soms sê 'n mens selfs slegte goed. Maar God kan dit hanteer. Hy verstaan en sy genade bly vir my genoeg.”

In die stryd teen kanker is daar egter meer as net woede, onsekerheid, hopeloosheid of hartseer. Botha beleef mense wat deur kanker geaffekteer word, telkens as positief, vol lewensvreugde en moed. Dit is mense wat besig is om die lewe, eerder as die dood, in die gesig te staar.

Tog word hierdie fasette van die stryd misgekyk. Botha verwys na die positiwiteit en humorsin wat sy kinders en ander gediagnoseerdes nog tot op die laaste oomblik getoon het.

“Mense sê dat iemand sy stryd teen kanker verloor het, maar dit breek die menswaardigheid van

daardie persoon af. As ek in chemoterapie instap, word ek begroet met 'n kolonie van positiewe en blymoedige mense. Hoe kan sulke mense ooit die stryd verloor?"

Vrae soos: "Hoe lank nog?", "Hoe ver is dit gevorder?" en uitroepe van verbasing soos: "Sjoe, maar jy lyk gesond!", impliseer volgens Botha dat daar nie lewensin en vreugde te midde van kanker kan wees nie, asof die vreugdes van menswees en lewe met 'n diagnose stopgesit is. "Kanker is 'n siekte," verduidelik hy. "Dis nie die einde van menswees nie."

Dit is hierdie reaksie op kanker wat die dryfveer agter Botha se studies gevorm het. Hoe kan die mens, geaffekteer deur kanker, nog lewensin en vreugde hê en hoe kan prediking 'n rol daarin speel?

'n Ander raamwerk

Botha sê dat drie uit elke 10 mense deur kanker geaffekteer word. Dus is kanker vir net minder as 'n derde van elke gemeente 'n werklikheid. Die erediens is 'n geleentheid om hierdie groep te ondersteun.

As deel van sy studies, het Botha 'n alternatiewe raamwerk vir die trauma- en verliesproses bespreek. Dit is gebaseer op Jesus se afskeidsgesprekke in Johannes 13 tot 17. Dit is gesprekke wat handel oor intimiteit, die weerloosheid van die dissipels, die gebrek aan fasades asook die aankondiging van 'n nuwe werklikheid en nuwe rolle en die geleentheid vir nuwe perspektiewe.

Tydens hierdie gesprekke sien 'n mens hoe Jesus sy hand na die dissipels uitreik, hulle aan die hand vat, hulle lei en dan weer hul hande laat gaan. Volgens Botha moet die prediking en die bediening aan die mens, geaffekteer deur kanker, dieselfde proses van

uitreik, fisiese ondersteuning, leiding en afskeid deurwerk.

Onderliggend aan hierdie proses is die metafoor van 'n reis. In sy studie maak Botha 'n punt daarvan dat die kanker nie 'n eindpunt is nie, maar 'n reis wat met 'n mate van onsekerheid en onduidelikheid gepaardgaan. Om leiding te bied, gaan in hierdie geval meer oorsaam soek, as om die antwoorde van wysheid te hê.

Juis daarom is vinnige antwoorde op die vrae rondom kanker nie gepas nie.

Wees 'n second

Predikante (en gemeentelede) kan eerder die rol van 'n "second" speel. 'n Second is die persoon wat tydens 'n marathon die atleet ondersteun. Die second hardloop nie self nie, maar ondersteun die een wat wel hardloop.

Hoe lyk hierdie ondersteuning? "Soms moet 'n mens net stilbly en iemand se hand vashou. Moenie antwoorde gee nie, maar vra eerder vir die persoon wat jy vir hom of haar sou kon doen om hulle te ondersteun."

Botha herinner dat mense wat geaffekteer is deur kanker, jou toelaat om op hulle heilige grond te loop. Hy verwys na die spreekwoord: "Fools rush in where angels fear to tread" en waarsku dat ons nie op ander se heilige grond met "wysheid" moet inhardloop nie.

Vir Botha gaan die prediking vir die mens, geaffekteer deur kanker, dus minder oor die praat en meer oor die luister en saam soek. Dit is prediking van onkunde erken en soms sy uitsprake beperk tot: "Hierdie is tough."

Hoe lyk die pad vorentoe vir Botha? Dit kan hy nie met sekerheid sê nie, maar hy weet dat hy, nes almal, vandag het. Hy weet dat God, sy genade en liefde, die

onderbou van alles is. En vir hom is dit genoeg om vandag, met of sonder kanker te lewe.

Kerkbode 5 Februarie 2016.

OMGEE-VROU

'n Baie suksesvolle Hamburger-aand is op 8 April by die kerk aangebied. Vir ons het die broodjies lekker gesmaak en baie mense het dit beaam. Ons wil graag vir almal wat daarmee gehelp het, baie dankie sê. Maar veral vir diegene wat ons ondersteun het, ons hartlike dank. Daar is byna 'n R2000 wins gemaak! Ons wil veral die jeug bedank wat vir ons gehelp het om die "Inry"-geleentheid 'n moontlikheid te maak. Dankie aan die Smith-gesin, veral Pieter, vir julle hulp. Dankie ook aan Louise wat een van ons oulike "runners" was. Dit was sowaar 'n lekker spanpoging. Ons maak binnekort weer so.

OUTISME

Op 16 April is die Omgee-Vroue toegesprek deur Gloria Gkikas oor outisme. Gloria werk by Outisme Suid-Afrika waar sy berading doen met ouers van kinders wat met Outisme gediagnoseer is. Wat 'n jammerte tog dat daar nie meer dames teenwoordig was nie want dit was 'n besondere leersame en interessante gesprek oor dié baie aktuele en komplekse gestremdheid. Gloria is 'n baie bekwame en toegewyde persoon wat passievol is oor haar werk en veral glo in vroeë intervensie by kinders met gestremdhede. Dit was vir my interessant dat, uit die klein groepie dames wat teenwoordig was, daar 3 dames was met kleinkinders wat worstel met dié probleem. Ons kan net dankbaar wees dat daar in ons land sulke wonderlike organisasies is wat alles moontlik doen, nie net om kinders te help nie, maar ook die ouers en gesinne bystaan wat dikwels oorweldig is as hulle hoor

dat hulle kind met outisme gediagnoseer is.

CMR

April is, soos gewoonlik die maand wat ons gemeente verantwoordelik is vir die kospakkies vir die CMR. Ons het sommer warm om die hart gevoel toe daar soveel niebederfbare kos kerktoe gebring is. Die pakkies sal aan die einde van die maand na die CMR geneem word, waar dit baie oordeelkundig gebruik sal word om mense in finansiële en ander nood te help. Ons het op 24 April by Me Henda van der Merwe, van die CMR Gauteng-Oos gehoor hoe groot die nood is by die CMR en veral dat dit kinders is wat swaarkry. Baie, baie dankie vir elkeen se bydrae. In die huidige ekonomiese klimaat is dit nie altyd maklik om nog geld af te knyp om ander te help nie. Annetta Wheeler sê groete vanuit die Kaap:

Ek kan nog nie soos eintlike Kapenaars sê: "Ek (hulle s'n klink soos Ik) bly in die Kaap!" nie. Maar ek voel tuis en geniet die berguitsig baie. Die Bybelstudiegroep by my nuwe gemeente het my hartlik verwelkom.

Ek wil vir ds Gideon en almal wat my met soveel mooi woorde gegroet het, baie dankie sê.

Die Bybelprojek sal deur die kantoor en ander persone hanteer word. Plaas asb u bestellings, u betaal twee derdes van die aankoopprys wat in elk geval baie minder beloop as die winkels s'n. Gee 'n Bybel in iemand se hand, vra 'n donasie van hul kant af as u so voel, en bid daarna steeds vir die ontvanger. Die

Heilige Gees sal kragtig werk deur Sy Woord, Jes. 55:11.



Ons mooi en jong helpers wat die hardloopwerk vir ons gedoen het



Vele hande maak ligte werk!

Groete en seën toegebied.

Annetta Wheeler.

(Daar word gesoek na 'n vrywilliger om Annetta se kolporteurwerk oor te neem.)

LIEF EN LEED

Daar is weer 'n aantal mense wat siek is of nood van 'n ander aard ervaar vir wie voorbidding gevra word:-

Betsie du Toit wat tuis versorg word en wie se gezondheidstoestand wissel.

Corine Naude wat weer terug is in Rusoord.

Joan van Tonder wat in die hospitaal was maar darem nou weer tuis is.

Miempie Janse van Rensburg wat

weer tuis is en met wie dit darem nou weer beter gaan.

Mandie Cilliers wat weer tuis is na behandeling en wie se kar gesteel is.

Suzette van der Berg wie se moeder oorlede is.

Dolf Ellis wat in die hospitaal was en nou tuis aansterk.

Rina Knoesen en Adél Klerck wat albei twee kata-rakoperaies gehad het.

Petru Kruger wat 'n heupvervanging gehad het en nog pyn en ongemak ervaar.

Sophie Harvey wie se kleinkind gehospitaliseer is. Die dokters sukkel nog om die regte diagnose te maak.

Trudie Kerr wat al 2 jaar bedlêend is. Bid ook vir haar versorger, Emilie.

Isa Theron wie se kleinkind goed vorder na die motorongeluk.

Margaret Sevenster wat in en uit die hospitaal was met komplikasies na 'n operasie.

Jake Erasmus (op 25 April) en Stoffel Coetzee (op 26 April) wat albei 'n heupvervanging gehad het.

Dan Pienaar wie se voet by die enkel afgesit is agv komplikasies vanweë diabetes. Bid ook vir sy



Me Henda van der Merwe neem die kospakkies in ontvangs.

vrou, Gratia.

Tannie Sarie Nel wat 90 jaar oud geword het, maar baie verswak is.



Tielman Nieuwoudt wat aan sy knie geopereer word.

Oom Fanie Nel wat Sondag (24 April) tydens die erediens siek geword het.

Daar was darem ook lief en rede tot vreugde in die gemeente. Louis en Monica Hough is op 26 Maart getroud. Baie geluk en seën vir die toekoms. Nog 'n huwelik was dié van di Gideon en Petro se dogter, Zeiti, met Gavin Weir. Baie geluk aan ons leraars asook aan die jong egpaar. Mag julle baie vreugde en geluk op die pad vorentoe ervaar.

Geluk ook aan Karl en Charlene Grimsehl wat gehoor het dat hulle ouers gaan word.

Daar was ook begrafnisse uit ons kerk, nl dié van Steve Otto se moeder op 12 April en dié van Issie de Kock se ma op 23 April.



ZERO BOOMSLOPINGS

BOOMSLOPINGS EN SNOEI

VAN BOME EN STRUIKE.

ONS VERSKAF OOK

KAGGELHOUT



KONTAK ERNST

083 656 4992

www.treecarepta.co.za
www.boomslopings.co.za